Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

DRESS UP!!

Inleiding 2 – Beklee met Jesus

Efesiërs 6:10-12 Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. [11]Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. [12]Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.

_____

_____

Efesiërs 2:1-3 Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes [2]wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is. [3]So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word.

MAAR GOD...

Efesiërs 2:4-8 ...is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. [5]Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! [6]Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee, [7]sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het. [8]Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God.

_____

_____

_____

_____

Kolossense 3:1-3 Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. [2]Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, [3]want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.

Kolossense 3:5 Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is.

Kolossense 3:7-10 Vroeër het julle ook aan dié dinge meegedoen toe julle nog daarin gelewe het. [8]Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie, [9]en moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek [10]en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God.

_____

_____

_____

_____

Kolossense 3:12-14 Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid. [13]Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen. [14]En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.

_____

_____

Vandag beklee ek my met die Here Jesus Christus (Rom 13:14), Ek laat staan onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid (Kol 3:5) Ek laat staan woede, haat, afguns, laster en vuil taal (Kol 3:8) Ek beklee my met die nuwe mens; die opgestane mens; wat meer en meer soos Jesus Christus word (Ef 4:24; Kol 3:10) Ek beklee my met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid en bo dit alles liefde (Kol 3:12-14)

Ander Skrifgedeeltes: 1 Korintiërs 2:14-15; Romeine 13:14; Efesiërs 4:24; Galasiërs 3:27

NEEM KENNIS

MY STORIE

Ons sal graag wil hoor watter impak hierdie kerk/bediening al in jou lewe gemaak het. Daar is krag daarin om jou eie storie met ander mense te deel. Dit bou jou geloof asook ander mense s'n. As jy graag met ons wil deel watter impak die kerk, of'n preek, of'n reeks in jou lewe gemaak het, email jou getuienis vir ons na mystorie@kerk.co.za. Ons wil graag van hierdie getuienisse gebruik in'n opkomende reeks.

JESUS FIRST: 24-25 Januarie om 17:30

Ons nooi alle tieners na hierdie gebeurtenis waar ons iets in jou lewe wil inbou van hoe dit lyk om Jesus eerste te stel in elke faset van jou lewe. Nooi al jou vriende en kom deel in hierdie groot event! Vir meer inligting kontak vir Willie de Beer: willie@kerk.co.za of 082 309 5342

LESOTHO UITREIK: 21-24 Februarie

As 'n kerk is ons betrokke by 'n klein gemeente geleë tussen die berge in Lesotho. Pieter en Erika Malan en hulle span besoek hulle gereeld om te saai en te bou aan hulle gemeenskap. Hulle wil jou graag saamnooi om deel te wees van God se werk daar. Ons eerste besoek aan die gemeente by Polihali vir die jaar sal wees van Donderdag 21 Februarie tot Sondag 24 Febr. Ons vertrek Vrydagmiddag na werk en kom die Sondagaand weer terug. As die Here dit op jou hart druk om saam te gaan, kontak ons vir meer inligting by 0722915683. ***Sluitingsdatum: 8 Februarie 2019***

WORD DEEL

BYBELSKOOL: Donderdae 9h00

Donderdae oggende om 9h00, in die Moederskamer aan die ooste kant van die kerk, werk mense sistematies deur die boeke van die Bybel met die hulp van Unlocking the Bible. Navrae: Helena Bam 0843515855.

T.i.C. – Teens In Christ

T.i.C. is ons tienerbediening by die kerk. Ons kom elke Vrydag aand om 17:30-19:30 bymekaar by die kerk. Kom geniet dit saam met ons en bou verhoudings met ander tieners. Vir meer inligting kontak vir Willie de Beer: willie@kerk.co.za of 082 309 5342

ICONNECT

Indien jy êrens wil inskakel, nuut is of meer inligting oor die gemeente wil hê; is jy welkom om na die diens met die span by iConnect te gesels wat vir jou al die inligting sal gee. Kyk uit vir die iConnect baniere in die **voorportaal van die kerk**.

Indien jy graag op ons databasis wil kom om emails en smse van die kerk te ontvang, vul asseblief die "Aangename Kennis" kaartjies in tussen die stoele en banke. Jy kan dit ingooi in die houtposbusse by al die deure van die kerk. Ons kontak jou gerus deur die week net om te groet!